SPESIALE UITGAWE: MATRIEKUITSLAE

menlo-insig

Liewe Ouers

Die jaar 2007 het op 'n Maandag begin. Dit was die sewende jaar van die derde millennium en die agtste jaar van die nuwe dekade. In die konteks van Suid-Afrikaanse geskiedenis was dit 'n relatiewe stil jaar. Twee gebeurtenisse het egter uitgestaan: die groep wat in 2019 matriek sou skryf, het hulle skoolloopbane as ongeletterde, haasbek graad R'e afgeskop en die Springbokke het die gesogte William Webb Ellis-trofee verower om vir die tweede maal as Rugbywêreldbekerkampioene gekroon te word.

Druk die *vinnigversnelknoppie* na 2015 en die leerders wat in 2007 die eerste tree van hulle skoolloopbane geneem het, stap as opgewonde Menloparkers by die Rosemaryhek in. Teen daardie tyd was die groep leerders weliswaar nie meer haasbek en ongeletterd nie, maar steeds nat agter die ore. Op Menlo-bodem, onder leiding van briljante onderwysers, sou hierdie leerders vir die volgende vyf jaar groei en gedy om hulle skoolloopbane af te sluit as jong volwassenes wat die uitdagings van die lewe sonder aarseling kan trotseer.

Die Hoërskool Menlopark sal hierdie groep onthou vir hulle buitengewone entoesiasme en lojaliteit wat, sonder uitsondering, geantwoord het op die skool se wekroep. Met hierdie leerders aan die stuur, veroorsaak Menlopark opskuddings by interhoër, die Virseker Beker-toernooi, die ATKV-redenaarskompetisie, die ATKV - Applouskompetisie en die ATKV-Tienertoneelfees - om maar 'n paar hoogtepunte uit te sonder.

Die matriekgroep van 2019 was 'n groep met visie, want ten spyte van hulle deelname op vele ander terreine, kon hulle daarin slaag om die einddoel - om matriek te bemeester - deurgaans in die oog te hou. Nie net het hierdie groep die kampusrooster soos een man gevolg nie, maar was hulle almal tot die laaste skooldag teenwoordig om seker te maak dat geen kennis hulle honger breine ontglip nie. Die resultaat van hierdie gesindheid was indrukwekkend: 'n 100%-slaagsyfer in die matriekeksamen, 751 A-simbole, 'n graadgemiddeld van 72.2% en 'n graadvrystellingsyfer van 97.78%.

Hierdie verstommende uitslae is egter nie net te danke aan die leerders nie. Agter hulle het 'n verenigde ouer- en onderwyserskorps gestaan wat bygedra het tot 2019 se suksesverhaal.

By die skool was daar 'n span onderwysers wat nie geskroom het om die ekstra myl saam met hierdie matrieks te stap nie. As gevolg van húlle insette, het die leerders 'n liefde vir en insig in taal, syfers, atome, planete, plante, diere en allerhande abstrakte konsepte ontwikkel en is die leerders uitgedaag om die beste akademiese weergawes van hulleself te wees.

Tuis is leerders ondersteun deur geduldige ouers wat altyd bereid was om na nog 'n ekstra klas te ry en nog 'n koppie koffie aan te dra. Die skool salueer elke onderwyser en ouer vir hierdie onbaatsugtige bydrae.

Die matrieks van 2019 is nou rolspelers op die wêreldverhoog. Binne die volgende paar jaar sal hulle hulle stempel afdruk as onderwysers, dokters, ingenieurs, programmeerders en in beroepe wat, soos die media ons telkens herinner, vandag nog nie bestaan nie. Ons sien daarna uit om hierdie groep dop te hou en ons glo dat sukses vir hulle wink.

Die jaar 2019 het op 'n Dinsdag begin. Dit was die negentiende jaar van die derde millennium en die twintigste jaar van die nuwe dekade. In die konteks van Suid-Afrikaanse geskiedenis was dit 'n stil jaar. Twee gebeurtenisse het egter uitgestaan: die groep wat hulle skoolloopbane in 2007 as ongeletterde, haasbek graad R'e begin het, het matriek geskryf en die Springbokke het die gesogte William Webb Ellis-trofee verower om vir die derde maal as Rugbywêreldbekerkampioene gekroon te word.

Gedurende hulle skoolloopbane, het die matrieks van 2019 die hoogste nagestreef. Nou is dit vir hierdie groep tyd om hulle vlerke te sprei.

DIE TROTSE GRAAD 12-VOOGDE

Graadgemiddeld en -vrystelling

Die matrieks van 2019 spog met 'n graadgemiddeld van 72.2%. Daarbenewens behaal 97.78% van die graad 12's graadvrystelling en 78 leerders spog met 'n A-gemiddeld.

A-simbole

2019 was 'n besonderse jaar vir Die Hoërskool Menlopark - 316 Menloparkers het die eksamen afgelê en saam het die groep 751 A-simbole en 690 B-simbole behaal. Loer gerus na die name van leerders wat vyf en meer onderskeidings behaal het.

9 A's: Denae Lubcker & Kiara Pieterse.

8 A's: Lisa Becker, Waldo Botha, Rolien Bührmann, Klara Eybers, Stephanie Foord, Natalie Hanekom, Jaco Human, Stegmann Kruger, Rudolph Nel, Joshua Niemand, Jade Penning & Lise Prinsloo.

7 A's: Ilze Bellingan, Mia du Plessis, Renita du Toit, Rouxan le Roux, Hanrie Louw, Danielle Mook, Gideon Munnik, Daniélle Niemand, Megan Oosthuizen, Rikus van Niekerk, Ivana Venn, Karmen Wiid, Catherine Wilcocks, Wayne Willemse & Helen Wilson.

6 A's: Lara Botha, Joanette Cameron, Jana Craig, Etienne Cronje, Benita du Plessis, Simon Fox, Tayla Goosen, Christiaan Grobler, Jenna Jacobs, Emma Marais, Ané Müller, Anouk Oosthuizen, Janmerie Purchase, Magdelie Purchase, Christopher Roets, Carli Schnetler, Albert van der Merwe, Karli van der Walt, Jacobus van Dyk, Talana van Greunen, Miné van Nieuwenhuizen & Marné Viljoen.

5 A's: Chloé Ansell, Reinhardt Barnes, Lize Bernard, Déhan Bezuidenhout, Nicola Burger, Caylyn Engels, Luney Enslin, Izette Hofmeyr, Bianca le Grange, Reinet le Roux, Marisa Marais, Erica Naude, Guillaume Oberholster, Caelynn Palmer, Pauline Sterk & Bernard van der Merwe.

4 A's: 18 leerders

3 A's: 26 leerders

2 A's: 46 leerders

1 A: 78 leerders

Baie geluk aan die top-10-leerders van 2019 met hierdie puik prestasie. Ons noem graag die punte bo 90%.

1. **Natalie Hanekom:** 93.63% (Afrikaans 90%, Wiskunde 97%, LO 93%, FW 99%, IT 97% & Alpha 96%)
2. **Karmen Wiid:** 93.57% (Afrikaans 95%, English HL 96%, LO 97%, Besigheidstudies 92%, Frans 98% & Geskiedenis 94%)
3. **Klara Eybers:** 93% (Wiskunde 97%, LO 94%, FW 93%, Geskiedenis 91%, Musiek 94% & Alpha 100%)
4. **Lise Prinsloo:** 92% (Afrikaans 91%, Wiskunde 92%, LO 97%, FW 96%, IT 93%, LW 91% & Alpha 92%)
5. **Renita du Toit:** 91.9% (Afrikaans 92%, LO 95%, FW 92%, Frans 97% & LW 93%)
6. **Kiara Pieterse:** 91.8% (Wiskunde 93%, LO 96%, FW 97%, IGO 92%, Rek 96% & Alpha 91%)
7. **Jaco Human:** 90.4% (Wiskunde 94%, LO 94%, FW 94% & IT 91%)
8. **Megan Oosthuizen:** 89.9% (LO 95%, FW 95% & Rek 92%)
9. **Rudolph Nel:** 89.6% (Wiskunde 93%, LO 92%, FW 92%, IT 91% & Rek 92%)
10. **Gideon Munnik:** 89.4% (Wiskunde 93%, LO 92%, FW 93%, IT 93%, IGO 96% & Alpha 92%)

1. **Afrikaans**
Vakgemiddeld: 72.5%
Aantal onderskeidings: 84
Beste presteerder: Karmen Wiid (95%)

2. **English Home Language**
Average: 71.1%
Number of distinctions: 15
Top achiever: Karmen Wiid (96%)

3. **English First Additional Language**
Average: 73.7%
Number of distinctions: 60
Top achievers: Natalie Hanekom & Christiaan Grobler (88%)

4. **Wiskunde**
Vakgemiddeld: 66.4%
Aantal onderskeidings: 44
Beste presteerders: Natalie Hanekom en Klara Eybers (97%)

5. **Wiskundige geletterdheid**
Vakgemiddeld: 72.7%
Aantal onderskeidings: 25
Beste presteerder: Louis Huisamen (94%)

6. **Alpha Wiskunde**
Vakgemiddeld: 69.7%
Aantal onderskeidings: 14
Beste presteerder: Klara Eybers (100%)

7. **Lewensoriëntering**
Vakgemiddeld: 82.5%
Aantal onderskeidings: 211
Beste presteerders: Stephanie Foord, Denae Lubcker, Lise Prinsloo & Karmen Wiid (97%)

8. **Fisiese Wetenskap**
Vakgemiddeld: 74.2%
Aantal onderskeidings: 64
Beste presteerder: Natalie Hanekom (99%)

9. **Lewenswetenskap**
Vakgemiddeld: 67.1%
Aantal onderskeidings: 36
Beste presteerder: Renita du Toit (93%)

10. **Besigheidstudies**
Vakgemiddeld: 60.4%
Aantal onderskeidings: 13
Beste presteerder: Karmen Wiid (92%)

11. **Ekonomie**
Vakgemiddeld: 70.1%
Aantal onderskeidings: 13
Beste presteerder: Stegmann Kruger (94%)

12. **Rekeningkunde**
Vakgemiddeld: 73.2%
Aantal onderskeidings: 36
Beste presteerder: Kiara Pieterse (96%)

13. **Geografie**
Vakgemiddeld: 66.5%
Aantal onderskeidings: 16
Beste presteerder: Guillaume Oberholster (90%)

14. **Geskiedenis**
Vakgemiddeld: 76.8%
Aantal onderskeidings: 28
Beste presteerders: Christiaan Grobler & Karmen Wiid (94%)

15. **Toerisme**
Vakgemiddeld: 74.2%
Aantal onderskeidings: 7
Beste presteerder: Jerome Biljon (88%)

16. **Dramatiese Kuns**
Vakgemiddeld: 75.4%
Aantal onderskeidings: 11
Beste presteerders: Lara Botha & Lirié du Plessis (87%)

17. **Gasvryheidstudie**
Vakgemiddeld: 64.6%
Aantal onderskeidings: 1
Beste presteerder: Joanette Cameron (88%)

18. **Musiek**
Vakgemiddeld: 76.9%
Aantal onderskeidings: 3
Beste presteerder: Klara Eybers (94%)

19. **Visuele Kuns**
Vakgemiddeld: 74.4%
Aantal onderskeidings:11
Beste presteerders: Lize Bernard & Julianna Venter (93%)

20. **Ontwerp**
Vakgemiddeld: 79.3%
Aantal onderskeidings: 1
Beste presteerder: Kiara Pieterse (88%)

21. **Inligtingstegnologie**
Vakgemiddeld: 70.9%
Aantal onderskeidings: 12
Beste presteerder: Natalie Hanekom (97%)

22. **Rekenaartoepassingstegnologie**
Vakgemiddeld: 65.2%
Aantal onderskeidings: 6
Beste presteerder: Mia du Plessis (92%)

23. **Frans**
Vakgemiddeld: 76.1%
Aantal onderskeidings: 8
Beste presteerder: Karmen Wiid (98%)

24. **Duits**
Vakgemiddeld: 83.2%
Aantal onderskeidings: 12
Beste presteerders: Rolien Bührmann & Emma Marais (97%)

25. **Ingenieursgrafika en Ontwerp**
Vakgemiddeld: 70.8%
Aantal onderskeidings: 21
Beste presteerder: Gideon Munnik (96%)